

met ontwerpe vir die nuwe Suid-Afrikaanse munte, is konsepontwerpe telkens aan Engelenburg gestuur vir sy mening. Sommige van die voorstelle wat hy gemaak het, is so aanvaar, byvoorbeeld:

It would be awkward to ignore the King, especially on our silver. Coins without a head on one of the sides are not popular. France, Brazil, Chilli, Venuzuela *e tutti quant* – all of them republics to the backbone – display either a male or a female head on their coins. It is, however, quite unnecessary for the King's head to be accompanied by a wealth of titles as: GEORGIUS V, DEI GRATIA BRITT. OMN. REX. FID. DEF. IND. IMP, etc. The coin of Mauritius shows nothing but: 'George V, King Emperor' and: 'Victoria, Queen'. Our coin would be adequately equipped with: 'GEORGIUS V, REX', in accordance with the Constitution.⁷²

Engelenburg se aanbeveling is aanvaar. Die koper-kwartpennie (oortjie, of *farthing*) (1923-1950), koper-halfpennie (1923-1950), koper-pennie (1923-1950), silwer-tiekie of -trippens (*threepence, tickey*) (1923-1960), silwer-sikspens (*sixpence*) (1923-1950), silwer-sjieling (1923-1950), silwer-tweesjielings (floryn, of *florin*) (1923-1950) en silwer-halfkroon het 'n afbeelding van die kop van koning George die Vyfde gedra, en so ook die goue halfpond (*half sovereign*) (1923, 1925 en 1926) en die goue pond (*sovereign*) (1923-1932). Die inskripsie op die koper- en silwermuntstukke was soos volg: GEORGIUS V REX IMPERATOR en op die goue munte: GEORGIUS V D.G. BRITT. OMN. REX F.D. IND. IMP.⁷³ Afbeeldings van die hoofde van George VI (1937-1960) en Elizabeth II (1953-1960) is ook gebruik.

Engelenburg het ook 'n voorstel gemaak oor die gebruik van die springbok op muntstukke:

Should the Mint decide against the use of the U.S.A. monogram, a typically national emblem remains, viz. the springbok, which has become fully entitled to be regarded as symbolical of the Union. One of the designs shown me shows the head of a springbok – not taken in profile but three-quarter face. For a postage stamp this appears acceptable, but not to serve as ornamentation for coinage, which requires profile. Moreover the whole of the buck should be shown, and not the head merely. It is not necessary to model the buck with photographic

⁷² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, Memorandum deur F.V. Engelenburg vir die SA Munt opgestel, ongedateer.

⁷³ K. Jacobs, *Coins of South Africa: a complete reference book on South African coins photographically illustrated by Gerald Hoberman*, pp. 3-5; 9-11; 21-25; 45-49; 57-61; 75-77; 89-91; 105-109; 143 en 163.

accuracy; cleverly-drawn animal would even be preferable for decorative purposes. The lions on the English escutcheon were not designed in a Zoo, but owe their existence to the artists' fancy.⁷⁴

Die springbok is eers in 1947 ná sy dood op die vyfsjielings (kroon) en op die 50c van 1961 tot 1964 (ontwerper: Coert Steynberg) aangebring, asook op die R1-muntstuk vanaf 1965 (ontwerper: Jan van Zyl).⁷⁵

Engelenburg se aanbeveling in verband met mimosablare en protea in plaas van eikeblare is ook aanvaar:

The coat-of-arms in pentagon form, as shown me, is the reverse of elegant and must be considered unheraldic. The sixpence shows a wreath of oak-leaves, which, alas, is by no means characteristically South African, and is therefore out of place in this instance. The design for the threepenny piece suffers from the same disability. Would not the mimosa or protea supply better inspiration, in case arboreal decoration is considered essential? One of the designs for the pennie appears to me to be exceedingly baroc. The small value coin should above all things be simply designed.⁷⁶

Die krans van eikeblare op die drie- en die sespenniemunte is op Engelenburg se voorstel vervang deur 'n krans van mimosablare (1923-1925) en deur die protea met ses bondels hout daarrondom van 1925-1960. Van 1961 tot 1964 het die protea ook op die twee-en-'n-halfsent- en die vyfsentstukke verskyn. Van 1965 tot 1982 is dit ook op die 20c-muntstuk aangebring.⁷⁷

Die desimale stelsel waarna Engelenburg hier onder verwys, is 39 jaar later, in 1961, ingestel.

It is just possible that our present small change will be replaced by copper, nickel or other coins, adapted to decimal purposes.⁷⁸

⁷⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, Memorandum deur F.V. Engelenburg vir die SA Munt opgestel, ongedateer.

⁷⁵ K. Jacobs, *Coins of South Africa: a complete reference book on South African coins photographically illustrated by Gerald Hoberman*, pp. 113-117; 125-129.

⁷⁶ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, Memorandum deur F.V. Engelenburg vir die SA Munt opgestel, ongedateer.

⁷⁷ K. Jacobs, *Coins of South Africa: a complete reference book on South African coins photographically illustrated by Gerald Hoberman*, pp. 45-49; 57-61; 65; 97-101.

⁷⁸ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, Memorandum deur F.V. Engelenburg vir die SA Munt opgestel, ongedateer.

In 'n tweede memorandum van September 1922 het hy nog 'n paar aanbevelings gemaak en kritiek gelewer. Onder meer het hy na die ontwerp van die drie- en sespenniemunte verwys en gemeen

... the bearded lions look like comic masks. The ox-head 'motif' of No. i is a greater success than No. h. It should not be forgotten that the S. African ox is typified by a high hump. As to No. d, let us try once for all to drop the heraldic lion, who is so utterly commonplace in coin-land!⁷⁹

Die ontwerp van die kop van 'n os en van 'n leeu is op aanbeveling van Engelenburg laat vaar.

In 1930 is ontwerpe weer vir kommentaar aan Engelenburg voorgelê. Weer het hy 'n paar aanbevelings gemaak en kritiek gelewer. Die Munt het sy gewaardeerde kommentaar deeglik in aanmerking geneem by die ontwerp van die munte. Wat die Unie-regering se planne betref om in 1930 afsonderlike posseëls in Suidwes-Afrika uit te gee, het Engelenburg hom baie gou daarteen uitgespreek.

Suidwes is mos 'n 'integrale' deel van ons Unie. Sodanige maatreel sal, vir die buiteland, gelykstaan met abdikasie, deur ons Unie, van sy volkeregtelike dominium oor Suidwes.⁸⁰

Engelenburg en Lorraine besoek Europa

Intussen moes Engelenburg se werk by *De Volkstem* voortgaan. Hy het baie tyd op kantoor deurgebring en het ook afsprake in Kaapstad, Carolina, Bremersdorp⁸¹ en Piet Retief nagekom. Hy het daadwerklik probeer om ook tyd saam met Lorraine deur te bring en hulle het van 29 Julie tot 6 Augustus 1922 vir 'n week in Lourenço Marques vakansie gaan hou.⁸²

Op 11 Januarie 1923, 'n paar dae nadat Leipoldt tot die *De Volkstem*-redaksie toegetree het, het Engelenburg 'n kabelgram ontvang met die nuus van sy geliefde jongste broer, Willem, se

⁷⁹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, Tweede memorandum deur F.V. Engelenburg opgestel, 20.09.1922.

⁸⁰ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, F.V. Engelenburg – Dr. Bodenstein, 17.04.1930.

⁸¹ Bremersdorp, Swaziland se naam het in 1960 na Manzini verander.

⁸² Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1922 van F.V. Engelenburg.

dood.⁸³ Die lyk is veras en in 'n granietvaas geplaas om later, wanneer Engelenburg in Nederland is, in die familie se grafkelder op die landgoed De Oldhorst, te Oldebroek, te plaas.⁸⁴ 'n Maand later het Engelenburg na Kaapstad vertrek. Hy het onder andere op 14 Februarie 'n onderhoud tydens 'n ete-afspraak met sir Ernest Oppenheimer gevoer, die volgende dag 'n onderhoud met 'n deputasie van sir Thomas Watt⁸⁵ en daardie middag om 15:30 'n onderhoud met generaal Smuts. Hy het betyds uit Kaapstad vertrek om vir Izaak Wallach by te staan, wat 'n operasie in Johannesburg moes ondergaan.⁸⁶

Engelenburg was van plan om 'n paar maande na Europa te gaan, met die gevolg dat die 1923-jaarvergadering van die Akademie reeds op 17 Februarie gehou is. Dit was 'n belangrike vergadering omdat die nuwe Akademieraad aangewys sou word en Engelenburg tydens die verkiesing teenwoordig wou wees. Die raad is op die jaarvergadering soos volg saamgestel: dr. H.D. van Broekhuizen, dr. F.V. Engelenburg, dr. N.M. Hoogenhout, dr. T.H. le Roux en prof. J. Kamp.⁸⁷ Minder as 'n maand later, op 6 Maart, het die Akademieraad aan huis van Engelenburg vergader. Engelenburg is aangewys as die nuwe voorsitter, die derde voorsitter sedert die ontstaan van die Akademie, met H.D. Broekhuizen as ondervoorsitter en G.S. Preller as die nuwe sekretaris in die plek van W.M.R. Malherbe.⁸⁸ Die dagbestuur is soos volg verkies: voorsitter van die Akademie of, indien hy nie teenwoordig kon wees nie, die ondervoorsitter, en die sekretaris. By die raadsvergadering is Engelenburg se voorstel goedgekeur, naamlik dat, onder toesig van die voorsitter en sekretaris, 'n maandelikse bulletin uitgegee word, met onder meer inligting oor watter publikasies die belange van die Akademie sou bevorder. Engelenburg het dieselde dag 'n dagbestuursvergadering gehou en 'n lys opdragte aan Preller gegee waaraan hy intussen aandag

⁸³ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1923 van F.V. Engelenburg.

⁸⁴ F.V. Engelenburg, *Engelenburg: gesiedenis van de familie, voor z'n jonger verwanten verteld*, p. 44.

⁸⁵ Sir Thomas Watt was Minister van Binnelandse Sake en het van 1916 tot 1919 in die kabinet van Louis Botha gedien en van 1919 tot 1921 in die kabinet van Jan Smuts. Kyk B.J.T. Leverton, "Watt, sir Thomas" in D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III*, pp. 835-836.

⁸⁶ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1923 van F.V. Engelenburg.

⁸⁷ Notule van die algemene vergadering van die ZA Akademie op 17 Februarie 1923 in *Bulletin* (van die SA Akademie), 1(1), April 1923, pp. 3-8.

⁸⁸ Notule van 'n vergadering van die Akademieraad op 6 Maart 1923 in *Bulletin* (van die SA Akademie), 1(1), April 1923, pp. 9-12.

moes gee.⁸⁹ Die tweede raadsvergadering vir die jaar is op 27 April 1923 in die huis van Engelenburg gehou.⁹⁰

1923 was ook die jaar van koningin Wilhelmina (1880-1962) se jubileumfees. Engelenburg het aan die premier, generaal Jan Smuts, geskryf dat die 25-jarige herdenking van koningin Wilhelmina se bewind einde Augustus van daardie jaar sou plaasvind. Die verwagting was reeds uitgespreek dat die Unie van Suid-Afrika 'n verteenwoordiger sou stuur. Engelenburg was in elk geval van plan om na Nederland te reis en het aangebied om namens die Unie 'n boodskap aan die koningin oor te dra indien generaal Smuts niemand anders in gedagte gehad het nie.⁹¹ Op 17 April het Smuts laat weet dat hy seker was dat elke persoon in die Unie met hom sou saamstem dat hulle hulle gelukkig kon ag indien Engelenburg sou instem om as die land se verteenwoordiger die taak op hom te neem.⁹²

Twee dae later het die premier se sekretaris Engelenburg versoek om 'n konsepboodskap aan die koningin op te stel en aan hom te stuur.⁹³ Engelenburg het intussen vasgestel dat ene generaal Brink⁹⁴ ook gedurende daardie tyd na Europa sou gaan en hy het aangebied om tot voordeel van die generaal terug te staan. Daarvan wou Smuts nie hoor nie. Hy sou dit as 'n persoonlike guns beskou indien Engelenburg gunstig op die versoek sou reageer en het gevra dat hy hom nie moes teleurstel nie.⁹⁵ Engelenburg het daarna 'n konsepfeesboodskap, gerig aan die koningin, aan die eerste minister se kantoor gestuur. Die dokument is deur Smuts op sekere punte gewysig, want volgens hom het Engelenburg se weergawe net die Nederlandse bevolking van die Unie verteenwoordig.⁹⁶

⁸⁹ Notule van 'n vergadering van die Akademieraad op 6 Maart 1923 in *Bulletin* (van die SA Akademie), 1(1), April 1923, p. 9.

⁹⁰ Notule van 'n vergadering van die Akademieraad op 27 April 1923 in *Bulletin* (van die SA Akademie), 3(1), Junie 1923, pp. 1-8.

⁹¹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, 13.04.1923.

⁹² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, J.C. Smuts – F.V. Engelenburg, 17.04.1923.

⁹³ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, E.F.C. Lane – F.V. Engelenburg, 19.04.1923.

⁹⁴ Waarskynlik generaal Andries Brink.

⁹⁵ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, J.C. Smuts – F.V. Engelenburg, 23.04.1923.

⁹⁶ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, E.F.C. Lane – F.V. Engelenburg, 04.05.1923.

Twee maande voor Engelenburg en Lorraine se uitgebreide oorsese reis het hy eers vir twee behandelings na Johannesburg gegaan. In sy sakdagboekie van 1923 het hy 'n inskrywing op 16 Maart gemaak: "Twee treatments". Agterin die dagboek by "Memoranda" het hy geskryf: "Sister Liesching, 20 Patricks Mansions, Pleinstr. Johbg".⁹⁷ Engelenburg het dus so vroeg as die 1920's al met suster Liesching kennis gemaak. Wat die "treatments" was en waarom hy dit by 'n suster in Johannesburg gekry het, is onduidelik. Vyf maande tevore het hy ook twee behandelings gehad. Die dag ná die behandelings in Johannesburg het hy middagete saam met sir Ernest Oppenheimer geniet, waarna hy vir vyf dae Durban toe gegaan het. Hy was toe reeds in gesprek met die leiers van die Natalse Saamwerk-Unie in verband met samewerking met die Taalbondorganiseerders.

Terug in Pretoria het hy siek geword en dr. Howell Davies gaan spreek. Sy siekte het hom vir twee weke in Pretoria gehou, maar hy en Lorraine moes voorbereidings tref vir die lang reis wat hulle beplan het. Hulle het op 11 Mei 1923 na Kaapstad vertrek. Engelenburg het eers generaal Smuts en ook prins Arthur van Connaught⁹⁸ besoek. Hy het ook die burgemeester van Kaapstad besoek en aan die stadsraad 'n geraamde graveerwerk geskenk wat aan generaal J.W. Janssens behoort het. Laasgenoemde het in 1806 bevel gevoer teen die Britse magte by die Slag van Blaauwbergstrand in die Kaap. In sy dankbrief aan Engelenburg het die burgemeester genoem dat die graveerwerk van groot waarde vir die stad was aangesien generaal Janssens in beheer was toe die kanonne en wapens deur kommissaris-generaal de Mist aan die inwoners van Kaapstad toegeken is.⁹⁹

Die regering het voor sy vertrek na Europa amptelik besluit dat Engelenburg die jubileumfees vir koningin Wilhelmina namens die Unie-regering sou bywoon. Op 17 Mei is Engelenburg van die

⁹⁷ Die St. Patricks Mansions in Pleinstraat, Johannesburg, is in 1922 gebou. Die argitek was James Charles Cook (1878-1955). (Anon., "St. Patrick's Mansions" by <http://www.artefacts.co.za/main/buildings> [geraadpleeg op 03.11.2013]).

⁹⁸ Prins Arthur William Patrick Albert van Connaught (1850-1942) was van 1920 tot 1923 goewerneur-generaal van Suid-Afrika en was ook 'n Vrymesselaar. Hy was die derde seun en sewende kind van koningin Victoria van die Verenigde Koninkryk.

⁹⁹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, R.I. Verster – F.V. Engelenburg, 15.05.1923.

besluit verwittig en is hy gevra om met die Britse ambassadeur, sir Charles Marling, in verbinding te tree sodra hy in Nederland aankom. Marling sou die Britse regering by die fees verteenwoordig. Op dieselfde dag is die ambassade van die Unie-regering op Trafalgarplein in Londen in kennis gestel dat Engelenburg 'n besoek daar sou bring om hom te vergewis van wat die korrekte manier sou wees om die Nederlandse koningin in 'n formele dokument aan te spreek. Daarna sou hy die voltooide dokument in Londen laat bind en met hom saamneem na Nederland vir die oorhandiging.¹⁰⁰ Engelenburg sou ook namens die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst 'n boodskap van gelukwense aan die koningin oordra.¹⁰¹ Die boodskap van die Akademie aan die koningin is opgestel nadat Engelenburg reeds in Kaapstad was om die boot na Europa te haal. Die hele Akademieraad het dit onderteken, waarna dit na 'n gegewe adres in Europa gestuur sou word waar Engelenburg dit met sy aankoms sou ontvang en as voorsitter van die Akademieraad sou medeonderteken.¹⁰²

Hy en Lorraine, met wie hy toe al bykans 17 jaar bevriend was, het op die aand van 18 Mei 1923 met die stoomboot *Anchises*¹⁰³ vertrek.¹⁰⁴ Die doel van die reis was vyfledig: Eerstens, sy broer, Willem is vroeër daardie jaar oorlede en hy wou by wees wanneer die granietskruik met sy as in die grafkelder geplaas word. Tweedens het Nederland die 25ste bewindsjaar van koningin Wilhelmina gevier en Engelenburg moes die regering sowel as die SA Akademie se groeteboodskap aan haar gaan oordra. Derdens wou hy die jaarlikse wêreldperskonferensie wat in Swede sou plaasvind, gaan bywoon. Engelenburg het dié perskonferensies gereeld bygewoon en indien hy nie self daar kon wees nie, het Izaak Wallach gegaan. Vierdens wou hy Lorraine met vakansie neem en haar Nederland wys waar hy gebore is en opgegroeie het. Ook wou hy haar

¹⁰⁰ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, E.F.C. Lane – F.V. Engelenburg, 17.05.1923.

¹⁰¹ *Bulletin* (van die SA Akademie), 5(1), Augustus 1923, pp. 1-2.

¹⁰² Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AEA), Bloemfontein, SA Akademieversameling, PV917, vol. 8, Notule van die dagbestuur van die Akademie, 14.05.1923.

¹⁰³ Die *Anchises* was 'n stoomboot van die *Blue Funnel*-redery. Dit is in 1911 gebou en het in 1941 gedurende die Tweede Wêreldoorlog gesink toe dit op 27 Februarie uit die lug gebombardeer is. 12 mense het hulle lewens verloor. (Anon., "Blue Funnel Line A Klasse", http://de.wikipedia.org/wiki/blue_funnel_A_klasse [geraadpleeg op 04.11.2013]).

¹⁰⁴ Dit word aangeneem dat Lorraine Engelenburg in 1923 op die wêreldreis vergesel het, 'n jaar voor hulle wettig getroud is. Leipoldt het in 'n huldigingsartikel in *Die volmaakte 'gentleman'* beweer dat hulle ná hulle huwelik in 1924 op 'n wêreldreis gegaan het, maar volgens Engelenburg se sakdagboekie van 1924 was hulle nie in 1924 of die jaar daarna oorsee nie.

aan familieleden en vriende voorstel. Laastens wou hy navorsing doen vir 'n familiechroniek wat in 1925 sou verskyn.

Op 2 Junie 1923 het die boot *Las Palmas* aangedoen en op 5 Junie Lissabon. Hulle het op 9 Junie in Liverpool aan land gegaan en om vieruur die middag was hulle in Londen.¹⁰⁵ Twee dae later het hulle 'n "flat" vir £7.7.0 gehuur waar hulle 10 dae sou oorbly. Op 11 Junie het Engelenburg vir hom 'n hoed in Londen gekoop en twee dae later 'n kleremaker besoek. Die nuwe klere was waarskynlik vir die feesvieringe en sy besoek aan koningin Wilhelmina.¹⁰⁶ Engelenburg het gewoonlik sy pakke klere by Boulter, Hepburn & Co., Cliffordstraat 10, Londen laat maak. Hy het in 1919, toe hy vir die vredeskonferensie ná die Eerste Wêreldoorlog in Europa en Brittanje was, ook daar vir hom 'n pak klere laat maak.¹⁰⁷ In 'n onderhoud wat mnr. S.J. Pretorius van *Die Ruiters* in 1947 met mev. L. Liesching gevoer het, het sy vertel dat Engelenburg baie klere gehad het, om nie te praat van al die stewels nie!¹⁰⁸ Hy was altyd smaakvol en modieus geklee. Hoewel sy houding pronkerig voorgekom en sy hoflikheid byna oordrewe gelyk het, het dit by sy kleurvolle geaardheid gepas. Hy was lewendig van beweging, haastig en puntenerig. Alles moes in die haak wees. In wese was hy egter baie beskeie en mensliewend.¹⁰⁹

Ná 'n paar afsprake met onder andere die konsul-generaal van Swede en sir Edgar Walton¹¹⁰ (1856-1942) het hulle die aand van 19 Junie uit Londen vertrek en die volgende oggend in Amsterdam aangekom. Hulle het 'n week in Nederland gebly en Baarn, Breda, Oosterbeek en Den Haag besoek.¹¹¹ Soos reeds gemeld, was Engelenburg besig om navorsing oor sy voorgeslagte te doen en het inligting by vriende en familieleden en in argiewe gesoek.

¹⁰⁵ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1923 van F.V. Engelenburg.

¹⁰⁶ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1923 van F.V. Engelenburg.

¹⁰⁷ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1923 van F.V. Engelenburg.

¹⁰⁸ S.J. Pretorius, "Die Engelenburg-huis", *Die Ruiters*, 24.10.1947.

¹⁰⁹ R. Stead, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Lantern*, 13(3), Maart 1964, p. 28.

¹¹⁰ Sir Edgar Walton was Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen.

¹¹¹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1923 van F.V. Engelenburg.

In Nederland het hulle by die konsulaat in Amsterdam 'n permit verkry om na Swede te reis, waar die internasionale perskonferensie in Stockholm sou plaasvind.¹¹² Engelenburg en Lorraine het deur Duitsland gereis en op 4 Julie in Hamburg aangekom, wat 'n afstand van 455 km van Amsterdam is. Die volgende dag het hulle 'n verdere 191 km na Rostock en van daar na Warnemünde gereis. Van daar het hulle 62 km per veerboot oor die Baltiese See na Gedser¹¹³ gereis en oor land 'n verdere 154 km na Kopenhagen, waar hulle drie nagte in die vyfster-Hotel d'Angleterre tuisgegaan het. Op 9 Julie het hulle hul reis voortgesit en 46 km oor land en per veerboot na Malmö, Swede, gereis en van daar 'n verdere 614 km oor land, waarskynlik per trein, tot in Stockholm, waar hulle die volgende oggend om 9 voormiddag aangekom het. Hulle het daar in die vyfster-Grand Hotel tuisgegaan.¹¹⁴ Ná die perskonferensie het Engelenburg en Lorraine op 13 Julie in die buitewyke van Stockholm in die deftige Hotel Saltsjöbaden¹¹⁵ oorgeslaap en die volgende dag 328 km in 'n suidelike rigting via Hallsberg na Norrköping gereis om die plaaslike papierfabriek¹¹⁶ te besoek, waarskynlik om papier vir *De Volkstem* aan te koop. Hulle het daarna na Stockholm teruggekeer. Engelenburg het op 16 Julie by die Sweedse eerste minister se kantoor aansoek gedoen om 'n afspraak met die minister. Hy is in kennis gestel dat die eerste minister¹¹⁷ en die waarnemende minister vir buitelandse sake hom op Donderdag 19 Julie om 10:30 te woord sou staan.¹¹⁸ Dit is onbekend wat hy met hulle wou bespreek. Dieselfde dag (16 Julie) het Engelenburg en Lorraine 70 km noord na Uppsala gereis, wat naby die huis van Carl von Linné¹¹⁹ is. Terug in Stockholm het hulle twee dae later middagete met Marcus

¹¹² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, Permit van die konsulaat in Amsterdam, 26.06.1923.

¹¹³ Gedser is die mees suidelike dorp in Denemarke en 'n belangrike hawedorp aan die Baltiese See.

¹¹⁴ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1923 van F.V. Engelenburg.

¹¹⁵ Die hotel is aan die kus van die Baltiese See.

¹¹⁶ Die Holmen-papierfabriek in Norrköping se vernaamste produkte is koerantpapier (beide wit en bruin) en tydskrifpapier vir koerante en tydskrifte.

¹¹⁷ Karl Hjalmar Branting (1860-1925) was in drie afsonderlike periodes eerste minister van Swede, naamlik in 1920, 1921 tot November 1923 en weer van 1924 tot 1925. (Anon., "Hjalmar Branting" by http://en.wikipedia.org/wiki/hjalmar_branting [geraadpleeg op 04.11.2013]).

¹¹⁸ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1923 van F.V. Engelenburg.

¹¹⁹ Carl Linnaeus (1707-1778), ook bekend as Carl von Linné nadat hy tot die adelstand verhef is, was 'n Sweedse botanis, geneesheer en soöloog wat die grondslag gelê het vir die moderne biologiese benamingskema van binomiale nomenklatuur (vaste reëls waarvolgens name aan voorwerpe wetenskaplik en ordelik toegeken word). Hy staan ook bekend as die vader van die moderne taksonomie en word beskou as

Wallenberg (1864-1943)¹²⁰ geniet. Die volgende dag was Engelenburg se oudiënsie met die Sweedse regeringshoof.

Op pad terug na Londen het Engelenburg en Lorraine drie dae in die vyfster-Palace Hotel in Göteborg¹²¹ oorgebly. Op 27 Julie het hulle in Londen aangekom. Die konsul-generaal van die Nederlande, H.A. Lorentz (1871-1944), het intussen uit Pretoria per adres die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika, Keizersgracht 389, Amsterdam, aan Engelenburg geskryf dat die *Saxon* op 3 Augustus uit Kaapstad sou vertrek met twee kiste aan boord met geskenke vir die Nederlandse koningin.¹²² Die konsul-generaal te Londen is intussen versoek om die kiste na Rotterdam te stuur sodra dit daar aankom en om Engelenburg te laat weet met watter boot hy dit stuur sodat laasgenoemde die nodige reëlins kon tref vir die afhaal daarvan.

In die grootste kis was 'n houtkissie wat spesiaal vir die koningin gemaak is en Engelenburg is gevra om dit, wanneer dit in Nederland aangekom het, dit eers goed deur 'n bekwame skrynwerker te laat nagaan en die koperwerk te laat poets. Die hout was nie gepoleer of vernis nie, slegs met rou lynolie ingesmeer. In die tweede kis was ses foto-albums, asook huldewoorde van die Nederlansche Vereeniging te Pretoria, van die Algemeen Nederlandsch Verbond van Bloemfontein en van die Hollandsch-Afrikaansche Leesunie van Pretoria. In 'n afsonderlike pospakkie was die huldewoorde van die Nederlandsche Kamer van Koophandel en Monsterkamers in Suid-Afrika, asook 'n oorkonde wat deur J.H. Pierneef (1886-1957) gemaak is.¹²³

Op dieselfde dag het Lorentz in 'n tweede brief aan Engelenburg geskryf dat ongeveer 2 500 persone en instansies geld vir die geskenke bygedra het. In die brief het hy meer besonderhede

een van die vaders van die moderne ekologie. Kyk H. Schmitz, et al., *A passion for systems: Linnaeus and the dream of order in nature*, pp. 7, 8, 252).

¹²⁰ Marcus Laurentius Wallenberg (1864-1943) was 'n Sweedse sakeleier en bankier.

¹²¹ Göteborg is 468 kilometer van Stockholm.

¹²² Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, H.A. Lorentz – F.V. Engelenburg, 30.07.1923.

¹²³ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, H.A. Lorentz – F.V. Engelenburg, 30.07.1923.



Illustratie 95: Grand Hotel in Stockholm, Swede waar Engelenburg en Lorraine in 1923 tuisgegaan het. Bron: <http://www.grandhotel.se/en/about-grand-hotel/history> (geraadpleeg op 03.11.2013).

oor die geskenke gegee. Die houtkissie is vervaardig deur die firma Joscelyne in Johannesburg na die tekening en ontwerp van mnr. A. Tomkins. Die modelle vir die twee paneeltjies van die deurtjies is deur Anton van Wouw gemaak. Die linkerdeurtjie het 'n ossewa uitgebeeld wat deur 'n drif in 'n rivier getrek word en op die regterdeurtjie is die sogenaamde "uitspan". Die houtsneewerk van die twee ontwerpe is deur meneer Marcus gedoen. Die koperbeslag was die handewerk van meneer Mundell. Die foto-albums is by *De Volkstem* se werkplaas gebind, met uitsondering van die foto-album wat oor die Kaapprovinsie gehandel het. Die onderskrifte onder al die foto's is gemaak deur 'n oud-Nederlander, kaptein P.C. Paff.¹²⁴ Omdat die goedere eers later in die maand sou arriveer, kon Engelenburg en Lorraine vir 'n verdere twee weke hulle vakansiereis voortsit.¹²⁵

Hulle het sowat twee weke lank in Frankryk deurgebring, eers in Parys. Van daar het hulle Chantilly en Senlis besoek, asook Versailles. Op 13 Augustus het hulle in die Chateau de Malmaison tuisgegaan en die 16de na Londen teruggekeer, van waar hulle drie dae later na Den Haag gegaan het om Engelenburg se halfbroer Frits te besoek. Op 18 Augustus was hulle terug in Amsterdam en het hulle by Sarphatistraat 29 tuisgegaan, waar sir Charles Marling¹²⁶ Engelenburg laat weet het dat hy 'n oudiënsie met die koningin aangevra het om hom, Engelenburg, aan haar voor te stel met die doel om die geskenke en huldeblyke aan haar te oorhandig.¹²⁷

Engelenburg en Lorraine het daarna na Den Haag vertrek, waar hulle in die Hotel De Oude Doelen tuisgegaan het. Op 20 Augustus het Engelenburg nog nie kennis gekry dat die twee kiste uit Suid-Afrika aangekom het nie en het hy aan Baron van Geen, privaat sekretaris van die koningin, geskryf dat hy nog daarvoor wag en dit sou waardeur indien die koningin hom aan die

¹²⁴ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, H.A. Lorentz – F.V. Engelenburg, 30.07.1923.

¹²⁵ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Paspoort van F.V. Engelenburg.

¹²⁶ Sir Charles Marling (1863-1933) was 'n Britse diplomaat.

¹²⁷ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, C. Marling – F.V. Engelenburg, 18.08.1923.

einde van Augustus te woord sou staan.¹²⁸ Intussen het die kiste wel op 20 Augustus aangekom, waarna dit op 22 Augustus via Harwich na Rotterdam verskeep is. Op 25 Augustus het die koningin se kantoor laat weet dat sy Engelenburg en Marling op Saterdag 15 September om 14:30 te woord sou staan. Drie dae later het haar kantoor laat weet dat die afspraak vervroeg is na Woensdag 12 September om 14:45.¹²⁹ Op 30 Augustus het 'n berig oor die voorgenome oorhandiging van die huldigingswoorde en geskenke uit Suid-Afrika in 'n Nederlandse blad verskyn. Die berig is deur Engelenburg geskryf en aan die pers gestuur.¹³⁰

Op 25 Augustus het Engelenburg en Lorraine saam met Frits na Oldebroek gegaan waar die grafkelder van die familie is. Engelenburg het vooraf gereël dat die grafkelder oopgemaak word sodat die as van sy broer Willem in die grafkelder geplaas word. Engelenburg het die weduwee van sy broer uitgenooi om die geleentheid mee te maak. Hy het haar daarna uitgenooi om 'n paar dae saam met hom en Lorraine in die Hotel De Oude Doelen in Den Haag deur te bring. Gedurende die feesvieringe van die koningin het Engelenburg en waarskynlik ook Lorraine op Saterdag 1 September 'n kunsteaand in die Kurhaus by Scheveningen, Den Haag, bygewoon ter ere van die koningin waar gedigte en volksliedere uitgevoer is.¹³¹ Daarna het hulle familieleden en kennisse van Engelenburg gaan opsoek. Op 3 September het hulle Breda besoek, die 4de na Tilburg gegaan en toe weer terug na Den Haag om op Donderdag 6 September 'n galavoorstelling in die Stadskouburg in Den Haag ter ere van die koningin by te woon. Engelenburg en Lorraine het op balkon 47 gesit.¹³²

Op 8 September het Engelenburg en Lorraine die familiebesoeke voortgesit en na Giethoorn, Vollenhove,¹³³ Kampen en Zwolle gegaan. Engelenburg het terselfdertyd inligting oor sy

¹²⁸ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg – Baron F.M.L. van Geen, 20.08.1923.

¹²⁹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg – C. Marling, 28.08.1923.

¹³⁰ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Koerantknipsel van 30 Augustus 1923, (koerant onbekend) met Engelenburg se persverklaring.

¹³¹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Program van die kunsteaand, 01.09.1923.

¹³² Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Toegangskaartjie na die galavoorstelling, 06.09.1923.

¹³³ Engelenburg se voorgeslagte het 'n paar eeue lank in Vollenhove gewoon.

COMITÉ VOOR DE LUISTERRIJKE VIERING VAN
DE 25-JARIGE REGEERING VAN
HARE MAJESTEIT DE KONINGIN
1898 TE 'S-GRAVENHAGE. 1923

KUNSTAVOND

op ZATERDAG 1 SEPTEMBER 1923 in het KURHAUS
te Scheveningen

AANGEBODEN IN SAMENWERKING MET

de Directie der Maatschappij „Zeebad Scheveningen”
het Algemeen Nederlandsch Verbond (Afdeeling 's-Gravenhage
en Omstreken)
de Koninklijke Zangvereniging „Cecilia”


MET MEDEWERKING VAN

Het Residentie-Orkest onder leiding van Dr. PETER VAN ANROOIJ
Cecilia's Mannenkoor, Directeur HENK VAN DEN BERG

Thom Denijs, zang

Albert Vogel, voordracht

Mies C. Zwierzina, voordracht



Illustrasie 96: Program van die kunsteaand in 1923 wat Engelenburg en Lorraine bygewoon het.
Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.